// EDEN TWEEKAMP•BIATHLON

NPO 275-527 108 Jan van Riebeeck Rd, OUDTSTHOORN, 6625 082-0988439 davesusvdw@gmail.com
www.edenbiathlon.co.za

2024.05.17

# NUUSBRIEF

Dit was Eden Tweekamp se derde seisoen met die aangepaste afstande en ouderdomsgroepe vir vele atlete, ouers en selfs beamptes was dit `n steeds `n groot aanpassing, alhoewel die nuwe afstande `n aanpassing steeds is sien ons die toename van nuwe atlete. Dis beslis `n aanwins is vir Eden Tweekamp en wys die groei in ons sport. Daar was `n paar struikel blokke in die seisoen maar die bestuur en die res van die Eden Tweekamp familie het soos voorheen saam gestaan mekaar ondersteun en het `n goeie seisoen gehad.

Eden Tweekamp moes ook hierdie seisoen afskeid neem van `n tweekamp familielid **Johan Keller**, hy was nie net die eienaar van Highgate wat ons anker borg was vir jare nie maar `n ware Tweekamp liefheber, ondersteuner en self `n tweekamp ouer. Ons harte gaan uit na sy vrou en kinders en sy teenwoordigheid by ons tweekamp byeenkomste sal gemis word.

Die volgende behoort gemeld te word:

- **BESTUURSLEDE & BEAMPTES**
  Daar was `n paar vakante posisies of die Eden Tweekamp bestuur gedurende die seisoen en die volgende twee persone was gekopteer deur die huidiglike bestuur. Magdel Kotze– Digitale Ontwikkeling website, FB, ens Mariano Eesou – Ontwikkeling, Transformasie, Spesiale Behoefte atlete. Die bestuurslede het in hulle posisies `n groot verskil gemaak en die Voorsitter Stephnie McKay bygestaan gedurende die seisoen: Jacques Koen [vise-voorsitter], Leana Robinson [vise-voorsitter] Jana Botha [Spanbestuurder] en operationele bestuurder Dave van der Walt wat as mentor steeds dien vir die jonger garde. ~n groot dank ook aan al ons beamptes en Corne Botha wat pligsgetrou elke byeenkoms vreiwillige dienste lewer om Eden Tweekamp te bevorder jul opofferings en dienste word opreg waardeur

- **HIGHGATE INTERPROVINSIAAL**
  Die 31e DCAS/ GROTER OUDTSHOORN/ HIGHGATE Interprovinsiale Tweekampbyeenkoms gehou op 3 Feb op Oudtshoorn was tenspyte van kwaai hitte, weer 'n wenner! Meer as 540 atlete van 7 provinsies het deelgeneem. WP het weer die span kompetisie gewen met BOL tweede en EDEN derde! In die HS kompetisie wen Durbanville, Outeniqua tweede en Framesby derde. LS Paarl Gim wen die LS kompetisie gevolg deur Kenridge en George-Suid. Junior Victor - Reynard Grobler Boland o.11, Junior Victrix- Keira van Heerden OP o.19, Senior Victor - Michael Archer WP M60+, Senior Victrix Kathleen Gey van Pittius Boland M70.

- **SA BIATHLON AJV**
  Eden Voorsitter Stephnie McKay is verkies tot die SA Tweekamp Bestuur as Uitvoerende bestuurlid en sal ook dien as keurder op die SA Tweekamp bestuur. SA Tweekamp Bestuur het ook `n nuwe voorsitter aangekondig by die AJV Gerard Lourens van WP vat die luisels oor by Blackie Swart.
  Tydens die AJV het die SA Tweekamp bestuur aangekondig dat die SA Kampioenskappe vir 2025 & 2026 aan Eden toegeken is, hierdie sal die eerste keer wees in SA Tweekamp geskiedenis wat `n Provinsie twee jaar agter een volgend die SA Tweekamp byeenkoms aanbied.
    - Affiliasie + 100 atlete R1500, Atlete registrasie R15, atlete levy IP R20, atlete levy SA's R25
    - Weens bogenoemde verhogings sal Eden Biathlon de registrasiegelde ook effens moet verhoog – dit bly nogsteeds die laagste in Suid-Afrika!

NPO 275-527 108 Jan van Riebeeck Rd, OUDTSTHOORN, 6625 082-0988439 davesusvdw@gmail.com
www.edenbiathlon.co.za


- Die 47ste **SA Kampioenskappe** is op 29/30 Maart in Bloemfontein afgehandel. 967 atlete van 14 provinsies het in ideale weer aan 'n goed georganiseerde byeenkoms deelgeneem. Eden is deur 'n span van 87 verteenwoordig. Eden spog met 7 medaljes, 'n 3de plek in die junior afdeling (na WP & BOL!), 6de plek in die senior afdeling en algeheel 'n 5de plek na WP, GN, SVS en GW. In die hoërskole afdeling verower HS Outeniqua die silwer medalje met HLS Oakdale 12de (uit 88 skole!). In die laerskole afdeling is LS George- Suid 4de en LS Outeniqua 16de (uit 100 skole). Die medaljewenners is
  • D/9 Misha Meyer silwer
  • D/15 Annabelle Grutter silwer
  • MM 40+ Marsel Roos brons
  • MM 50+ Gavin Gericke brons
  • MM 70+ Johan Windt silwer.
  'n Oorkonde is ook deur SA Tweekamp aan Johan Keller van Highgate se familie oorhandig vir sy bydrae tot tweekamp in SA. Die SA Kampioenskappe vir 2025 en 2026 is aan Eden en Oudtshoorn toegeken.

**LIGA BYEENKOMSTE**

Eden Tweekamp streef na groei en 2023/2024 het dit bewys met ons liga byeenkomste wat week na week rekord getal atlete by die byeenkomste op gelewer het.

- **ONTWIKKELINGS KLINIEKE**

**BRIDGTON BIATHLON DEVELOPMENT CLINIC**

The last event hosted this season by Eden Biathlon was successfully completed on 13 March in Oudtshoorn. 32 attendees mainly from Bergsig Primary School in Bridgton enjoyed it. It took place at the De Jager Athletic track and NA Smit swimming pool because the Bridgton pool was out of order. Two top coaches, Johan Windt (run) and Lolla Fourie (swim) took the athletes through their paces. It was organised by Eden Biathlon supported by DCAS and Oudtshoorn Munisicipality.

**RIVERSDAL ONTWIKKELINGSKLINIEK GROOT SUKSES........**

Eden Tweekamp in samewerking DCAS het op Wo 21 Feb 'n Ontwikkelingskliniek by HLS Oakdale aangebied. Johan Windt (hardloop) en Lou- Let Fourie (swem) het die 25 atlete onder hande geneem. Die plaaslike organisasie is deur Leana Robinson hanteer terwyl Dave van der Walt die oorhoofse organisasie behartig het.

**ALGEMEEN**

• Nuwe deelnemersklere vir Eden Biathlon is reeds in proses en Eden Biathlon uitvoerende bestuur het van jaar nuwe Golf hemde ontvang.

• **Optrede en respek teenoor Eden Biathlon beamptes deur ouers,** Eden Tweekamp is `n familie sport waaar elkeen mekaar respekteer alle bestuurslede is vrywilligers en doen dit vir die liefde van die sport die afgelope seisoen het ons op meer as een geleenthede voorvalle gehad waar beamptes en bestuurslede met disrespek hanteer was en ouers onvanpas opgetree het. Ons as bestuur vra dat elke persoon `n ander met respek sal hanteer en in ag hou dat alle vrywilligers ook ander verpligtinge het en families en sal nie dadelik altyd fone kan antwoord of vir u as ouer jou antwoord gee wat U soek nie.

• Wimpy sal weer dien as borg vir Eden Biathlon vir 2025 & 2026

- Nuwe touch pads vir NA Smit reeds bestel deur Oudtshoorn Munisipaliteit
- Eden Tweekamp affilieer as lid van Oudtshoorn Sport Inisiatief asook Oudtshoorn Besigheidskamer
- Twee ouers borg 4 nuwe gazebos vir Eden Biathlon ons bedank hulle vir die borg
- Eden Biathlon se webmaster het bedank en ons is tans ver gevorder met die update van die website – Magdel Kotzé sal voortaan beheer neem daaroor
- By die onlangse DCAS CHO funksie het Eden Biathlon weer gebaat met bietjie meer fondse as verlede jaar

- Eden Tweekamp is steeds die land se top Familiesport en ons glo en vertrou die sport sal nog hoër hoogtes bereik. Ons moedig U aan om saam u kind of kleinkind deel te kom neem volgende seisoen.

- Ek wil namens myself Voorsitter van Eden Tweekamp u bedank vir `n wonderlike seisoen, bystand en samewerking sonder u en ons atlete sal hierdie sport nie kan bestaan.

**Vir enige navrae kan Dave van der Walt [082 7734 901] of Stephnie McKay [082 9884 439] gekontak word.**

Voorspoedige seisoen!

**Stephnie McKay**
**Voorsitter**

**Dave van der Walt**
**Operasionele Bestuurder**